Veldsman, DP
Universiteit van Pretoria

# Eietydse reïnterpretatiewe geloofwaardigheid: oor die Heynsiaanse benadering tot teologisering

**ABSTRACT**

**Contemporary re-interpretative theological credibility. On the theological approach of Johan Heyns**

Against the background of a brief historical overview of Johan Heyns's dynamic personality, his theological passion and writings this article concentrates on his approach to the question: what is theology, and how is it to be undertaken as a scientific activity? The answer of Heyns to these questions is given from his writings in the years (1966-70) that he taught at the Faculty of Theology at the University of Stellenbosch. Two images that he employs for his understanding of contemporarary theological reflection as re-interpretative credibility are discussed, namely double storey home and palace. Two points of criticism are raised against his understanding, namely his unproblematic emphasis on the concept of revelation, and his unacceptable down-play of experience to revelation.

## 1. INLEIDING

"'n Voëltjie sing soos wat hy gebek is" (Berkouwer)
"Ek is eenvoudig so geprogrammeer" (Heyns 1994:164)

Die boerseun van Tweeling in die Vrystaat, Johan Adam Heyns (1928-1994) is by geleentheid deur Willie Botha as 'n "agtsilindermens" (Williams 2006:vii) beskrywe. Dit is 'n goeie beskrywing! Heyns was nie alleen 'n mens met 'n besondere werksywer nie, maar ook 'n persoon wat op meer as net akademiese gebied 'n bydrae gelewer het en leiding geneem het in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is ook hoekom Willie Jonker (1994:13) Heyns tereg bestempel het as die vrugbaarste teoloog wat die Afrikaanse gemeenskap nog opgelewer het. Agter elke kateder, op elke kansel en verhoog, binne elke vergadering, onderhandelingsproses en in elke gespreksgeleentheid het hy 'n *presence* gehad. 'n Passievolle en oorweldigende *presence*. As predikant, kerkleier, kultuurmens en teoloog het hy sy merk gelaat. "Gelate merke" wat mens met reg sou kon sê voortgespruit het uit die drome wat hy gekoester vir sy kerk, sy land, sy studente en kollegas (en dalk ook in hierdie volgorde!). "Sy droom was groot" – soos Jurie le Roux (1994:27) opgemerk het in aanhaling van Opperman se *Vergelegen* waarin Maria aan die einde vir Van der Stel sê:

*En onthou al lê ons algar dood / jou droom vir hierdie land was groot.*

Sy drome was groot. Maria se woorde is op die aand van 5 November 1994 tragies bewaarheid. Aan die 66 jarige Heyns se lewe is op daardie aand deur 'n enkel skerpskutterskoot in die teenwoordigheid van sy vrou Renee en drie van hulle kleinkinders in hulle familiekamer in hulle huis in Phloughlaan, Waterkloof, Pretoria, 'n einde gemaak. Al bly sy lewens-einde ons by as swygende kriminele geheim, het hy veel in ons midde gelaat wat nog 'n aanspraak maak op ons

nadenke. Daarom sê Sybrand Strauss (1994:95) oor Heyns dat sy teologiese oeuvre so omvangryk en veelsydig is dat ons nog lank nie klaar is met die bestudering daarvan nie. Nee, ons is nog nie. Ons is nog nie klaar nagedink oor die spesifieke wyse waarop Heyns geteologiseer en die erfenis wat hy nagelaat het nie. Hierdie *wyse* en *erfenis* het Hennie Rossouw van Stellenbosch al in 1982 soos volg tipeer in die *commendatio* by die toekenning van die Totiusprys vir Teologie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Heyns:

> "Heyns se teologiese oeuvre berus op die gelukkige verbintenis tussen erudisie en selfstandige denke, tussen konfessionele gebondenheid en kontemporêre betrokkenheid, tussen akademiese insig en pastoraal-didaktiewe gerigtheid"

Geleerdheid en selfstandige denke: ja. Konfessionele gebondenheid en kontemporêre betrokkenheid: ja. Akademiese insig: ja. Maar gelukkige verbintenis? Dit is die vraag waarop ek meer duidelikheid sou wou hê. In hierdie bydrae gaan ek ingeperk fokus slegs op die Stellenbosch jare van 1966 – 1970. Dit is vyf belangrike jare waarna ons indringend moet kyk as ons 'n konstruktiewe gesprek met Heyns sou wou aanknoop. Ek deel my uiteensetting op in twee periodes met die hoofklem op die laaste periode, naamlik

- Tot en met 1966: Gereformeerde voorspel
- Vanaf 1966: Eietyds Gereformeerd

As begeleidende fokus in my uiteensetting neem ek die opskrif tot hierdie voorlesing te wete die omskrywing van die Heynsiaanse benadering as eietydse reïnterpretatiewe geloofwaardigheid. Aangesien al heelwat goeie studies [ook slegtes, vgl bv Pretorius (1996) waarin hy Heyns *as van Joodse afkoms* beskrywe en van "Volksverraad" beskuldig!] oor spesifieke fasette van Heyns verskyn het [ vgl Jonker (1994); Skinner (1996); Theron (1984; 1994); Meiring (1994); Van der Watt (1988); Wethmar (1994); Williams (2006)] wil ek konsentreer op 'n faset wat doelbewus deur Heyns in teologiese hakies geplaas is, nl die subjektiewe ervaring van die gelowige. Ek neem as invalshoek die goeie omskrywing deur Jonker (1994:14-5) oor Heyns waarin hy stel dat dit waarna Heyns gesoek het, was 'n eietydse teologie wat in staat sou wees om onder een sentrale begrip die dinamiese wedersydse betrokkenheid van God en mens op mekaar tot uitdrukking te bring, en wel so, dat die inisiatief van God en die reaksie van die mens in die geskiedenis van hulle omgang met mekaar tot uitdrukking kan kom. Dit vind Heyns, vervolg Jonker, in die sentrale begrip van die koninkryk van God, met as immanente-subjektiewe korrelaat daarvan menslike gehoorsaamheid. Van hier die titel van my artikel. Van hier my kritiese vraag of Heyns geslaag het in waarna hy gesoek het, en of die nadenkende mens nie onkrities en afwysend in die slag gebly het nie? Ek stel dus as breër vraag wat my uiteensetting begelei: wat was teologie vir Heyns?

## 2. TOT EN MET 1966: GEREFORMEERDE VOORSPEL

Dalk sou net die "dorp-speling" van: Tweeling – Potchefstroom – Pretoria – Amsterdam – Ysterplaat – Rondebosch – Stellenbosch al 'n goeie invalshoek wees tot die inkleur van teologiese invloede en die wyse waarop Heyns die vraag na Gereformeerde teologie sou beantwoord. Enkele verfstrepe oor hierdie "dorp-speling":

- **Tweeling:** Die sukkelende Vrystaatse Afrikaner boerdery gemeenskap waar Heyns op die plaas Bloemkraal grootgeword het
- **Potchefstroom:** Invloed van veral Stoker, Snyman en die "rooilussies"
- **Pretoria:** Botsing met A B Du Preez (Wat vir Heyns – met Willie Jonker, Nico Smit, Carl Boshoff e a as klasmaats - in 'n klassituasie gesê het dat die Christelike wetenskap uit

die bose was, en Heyns so ontsteld was dat hy sy studies aan UP wou staak!)

- **Amsterdam:** Berkouwer, Ridderbos, Bavinck, Van Vollenhoven en Barth
- **Ysterplaat:** Predikant van die arm Kaapse geloofsgemeenskap (Waar ’n ouderling by geleentheid vir hom gesê het na aanleiding van sy groot woorde wat hy gebruik het: “Ag dominee, alles wat jy sê mag waar wees, maar ons verstaan daar niks van nie!”)
- **Rondebosch:** predikant van die gesofistikeerde, intellektuele Kaapse geloofgemeenskap (Waar op ’n Sondag dikwels Verwoerd, Vorster en PW Botha en hulle families gesit het)
- **Stellenbosch:** Doseer Apologetiek, Simboliek, Ensiklopedie van die Teologie en Etiek. Belangrikste hoofpublikasies in die tydperk: *Die evangelie in krisis* (1966); *Denkers deur die eeue* (1967); *Die kerk as diens aan die koninkryk* (1967); *Sterwende Christendom* (1969) en *Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie* (1970).

Maar iets meer moet ook gesê word van die Stellenbosch van die sestigerjare: Dit was ’n boeiend dinamiese na-oorlogse tydperk aan hierdie konserwatief-behoudende Universiteit met sy Calvinisties georiënteerde rektoraat. Dit was ’n tyd waarin kunstenaars, skrywers en filosowe (Etienne Le Roux; Andre P Brink; WA De Klerk; Degenaar ens) in verset was. Op die kampus het ’n intellektuele dinamiek gebloei. Degenaar het teologie-studente hulle geloof laat kwyt raak. Cottesloe en Sharpeville het min studente onveranderd gelaat. Debatte is gevoer dat die bloed loop (Van Zyl Slabbert / Koot Vorster) en dit terwyl die teologie-studente be-das en gepak hulle dae deurgebring het en die Kaapse simfonie Mozart se simfonieë Sondae in Stellenbosch opgevoer het. En een van die jong dosente in hierdie tydperk (in onderskeid van die voor-oorlogse geskoolde bejaarde teologie dosente soos Potgieter; Muller; Hanekom!) was die strydvaardige Johan Heyns. Deur dit alles is hy geïnspireer en meegevoer in ’n tyd wat die Afrikaanse gemeenskap ’n toekoms gehad het om te maak.

Wyd het Heyns teologies-filosofies-eksistensieel gewy in hierdie jare, en wyd het hy woordkragtig die vraag na (geloofwaardige) teologiese denke nagejaag. As selfstandige denker het Heyns ontwikkel, met ’n eie adam(ante) styl maar blywend in gesprek met ander groot denkers. Vanuit ’n Calvinistiese oriëntering met die Christelike wetenskapsbeoefening as wysgerige raamwerk wou hy as behoudende Gereformeerde teoloog sy teologie – as mensewerk! (sy eie beklemtoning) - beoefen.

Wat was “teologie” vir Heyns? As Heyns (vgl 1977; 1994) sou sê dat teologie ’n wetenskap is wat as voorwerp van besinning die geopenbaarde waarhede aangaande God bestudeer (terwyl die wysbegeerte die wetenskap van die kosmos in sy samehang van totaliteit en verskeidenheid as geskape en bestier deur God bestudeer), wat bedoel hy hiermee? Ek beperk my tot twee beelde wat Heyns self hiervoor gebruik, nl dubbelverdiepinghuis en paleis. Eersgenoemde gebruik hy met sy intreepreek (en ook in *Wie fyner maal*), laasgenoemde in ’n later uiteensetting saam met Jonker (*Op weg met die teologie* is saam met Jonker voltooi in 1973, en die eerste druk verskyn in 1974) oor die vraag wat teologie is.

## 3. VANAF 1966: EIETYDS GEREFORMEERD

Op 14 April 1966 begin hy klasgee as senior lektor op Stellenbosch se kweekskool en op 17 April lewer hy sy intreepreek in die Moederkerk op Stellenbosch. Sy teks is Hand 1:3 en sy tema die Koninkryk van God. Hy gebruik die beeld van ’n dubbelverdiepinghuis om sy verstaan van teologie te verduidelik. Hy gebruik dieselfde beeld in sy gepubliseerde oordenkinge (Heyns 1969a: par 56) en die punt wat hy wil maak, is:

> Ons lewens speel op twee vlakke af, net soos in ’n dubbelverdiepinghuis waar die onderste vloer ons sosiale (elke daagse) lewe verteenwoordig, en bo ons private lewens. Die trap

> – as simbool van die wisselwerking tussen hierdie vloere – verbind hierdie twee vloere. Geestelike mense erken dat hulle in dubbelverdiepinghuise woon: hulle ken hierdie wêreld, maar ook die wêreld van die onsigbare en die gebeurtenisse van daardie wêreld: die verborge gemeenskap en die wandel met God. Hulle weet dat hulle lewe met God hulle lewe op aarde ingrypend en fundamenteel beïnvloed. So is die Bybel ook vir Heyns die boek van die dubbelverdiepinglewensbeskouing en –lewenshouding: met God in hierdie wêreld, en in die wêreld met God. Die Bybel teken vir ons die gebeure van die onderste verdieping: die geboorte van die enkeling en die woelinge van nasies en volkere. Maar andersyds word ons ook ’n insae gegee in die gebeure van die boonste verdieping. Heyns (1969a: par 56) formuleer dit dan as volg: "Agter en dieper as die geskiedenis van die enkeling en volkere word die plan van die geskiedenis onthul. Ons word ingelei in Gods 'werkswinkel'".

*Insae in die gebeure van die boonste verdieping*, en *ingelei in Gods werkswinkel* bring ons dan by die *paleis* van teologiese besinning wat Heyns (1977:9) op treffende wyse ietwat later soos volg saamvat:

> "Wat is teologie? Teologie is ’n vorm van liefde vir God met die verstand en daarom ’n aspek van die heiliging van ons lewe. Teologie is ’n vorm van gehoorsaamheid waarin ons denke dag na dag aan eie inhoud en vorm gekruisig word, en opstaan tot ’n steeds groter wordende daad van gehoorsaamheid en ’n steeds groter wordende vlam van innerlike verligting en uitstralende beligting. Teologie is nie ’n enkele vertrek nie. Teologie is ook nie ’n enkele huis nie. Teologie is ’n koninklike paleis – met talle diensknegte wat jare reeds vreugdevolle diens daarin verrig, en met baie ander diensknegte wat voortdurend in verwondering en verwagting toetree"

Dubbelverdiepinghuis en paleis (en kon mens iets anders verwag het as koninkryk van God die mees fundamentele begrip in Heyns se denke is!): twee insiggewende beelde wat Heyns gebruik vir sy verstaan van die geestelike dimensie van menswees, die rol van geloof en die Bybel, en vir die aard van teologiese besinning. Voordat ek egter hierop ingaan, is ’n raamwerkskeppende tussenopmerking van pas.

Tussen hierdie dubbelverdiepinghuis en paleis lê Heyns se *Evangelie in krisis*, *Sterwende Christendom, Die nuwe mens onderweg: oor die tien gebooie* en *Lewende Christendom*. Enkele kort opmerkinge hieroor:

In *Evangelie in krisis* voer Heyns (1966) aan dat ons aan die probleem van die verhouding van die evangelie en die moderne mens moet aandag skenk aangesien hierdie verhouding benader word op wyses (nl aanknoping by; uitbreiding van en verwerping) wat ons in ’n krisissituasie gedompel het. Oor ’n baie wye spektrum – ja selfs die Stellenbosse filosoof Degenaar word nie met rus gelaat nie! – kritiseer hy die destydse vernuwingsteologieë wat hy meen ’n subtiele aanslag op die hart van die evangelie verteenwoordig. Onomwonde stel Heyns dat ons geroep is om – waar nodig – ons standpunte te herformuleer, maar dan nie as ’n onaanvaarbare poging om die behoefte van die moderne mens te bevredig nie, maar omdat ’n gereformeerde kerk steeds moet reformeer om gereformeerd te kan wees (vgl Heyns 1966:140).

In *Sterwende Christendom* neem Heyns (1969b) hierdie laasgenoemde oproep verder deur ’n analise van die moderne tydsgees, ’n oorsig oor eietydse teologie en ’n beoordeling daarvan ten einde opnuut die vraagstuk van die verhouding van die Christelike waarhede tot die nuwe werklikheidservaring onder die loep te neem (vgl Heyns 1969b:11-2). Bewustelik wil hy ’n moderne teoloog wees en gereformeerde teologie moet vernuwingsteologie wees. Maar nie modernisties nie (dws rasionalisties, anti-metafisies, ateïsties, suprahistories, funksionalisties en personalisties). Hy wys die modernistiese vernuwingspogings af op grond van

die akkommoderende aard daarvan, dws die mens word hiervolgens die norm tov die boodskap van die Skrif (vgl Heyns 1969b:162). Hy opper nog twee verdere punte van kritiek, tw dat die hierdie poginge nie rekening hou met die voorwetenskaplike aard van die Bybelse wêreldbeeld nie (166), en tweedens dat hulle die goddelikheid van Christus prysgegee het (174ev). Heyns (1969b:178ev) het wel waardering vir hierdie poginge m b t die beklemtoning van kontekstualiteit (d w s dat teologie altyd histories deur sy konkrete situasie bepaal word), en die beklemtoning van die wêreldbetrokkenheid van die geloof. Vir Heyns (vgl 1969b:19ev) het gereformeerde teologie die plig om voluit sekulêr te wees (nie sekularisties nie), dws die legitieme aardse of wêreldse betekenis van die Christelike geloof moet meer as ooit van te vore aangetoon word. In sy eie slotwoorde: "Nie die evangelieboodskap *plus* nog iets, maak hom vir ons dag 'n lewende werklikheid nie, maar die boodskap is *as* boodskap eietyds, dit wil sê gee 'n antwoord op vrae van ons tyd en belig die probleme waarmee ons vandag worstel Die evangelie moet dus nie eietyds *gemaak* word nie, dit moet as eietyds *verstaan* word" (Heyns 1969b:180-1).

In *Lewende Christendom* wil Heyns (1972) hierdie wêreldse betekenis van 'n eietydse teologie uitspel, en dan spesifiek die wyse waarop die Christendom in verhouding tot die tydsgees, nie hierby verby moet gaan nie, ook nie moet opgaan nie, maar *ingaan* ten einde eietyds te wees (vgl Heyns 1972:1ev). Vir Heyns het dit beteken dat die Christelike teologie moet sekulêr wees as gereformeerde teologie, en die uitdaging aanvaar om midde-in hierdie tydsgees gestalte aan die evangelie te gee. Hy kies doelbewus dan – ten spyte van die besware wat geopper sou kon word hierteen – vir die begrip gehoorsaamheid as sentrale tema wat as toegangspoort kan dien tot die verstaan en belewing van die Christelike geloof vir die mens van ons dag (so ook vroeër uitgewerk in *Die nuwe mens onderweg*) .

Uit hierdie kursoriese uiteensetting van die belangrike werke in die Stellenbosch-fase (met oorgang na Pretoria) van Heyns se teologiese loopbaan blyk dit duidelik dat sy benadering omskrywe sou kon word as 'n soeke na 'n eietydse reïnterpretatiewe geloofwaardigheid van teologiese besinning. Teologiese besinning is 'n menslike geestes-aktiwiteit (dus deel van die mens se kultuurtaak) en staan volgens Heyns (1977:14) "nie los van die mens se algemene roeping om die kosmiese gegewendhede met die borende krag van sy denke te deurvors, en daaroor te heers nie". Vir Heyns moet die evangeliese boodskap ingaan op die tyd, dws dit moet vernuwend, gestaltegewend (lees: reïnterpreterend) *ingeneem* word deur die nadenkende mens *in die tyd*. Nou is die eerste vraag: hoe meen Heyns moet die teoloog dit doen? En tweedens: doen ons dit as wetenskaplike aktiwiteit? Aan die hand van sy eie beelde (dubbelverdiepinghuis en paleis) gevra: Hoe kom die teoloog dan tot insae van die boonste verdieping; hoe word die teoloog ingelei in die werkswinkel van God; hoe ontvou die teologie dan as vorm van liefde, van gehoorsaamheid tot die vlam van innerlike verligting en uitstralende beligting, in verwondering en verwagtingsvol in die koninklike paleis?

As Gereformeerde teoloog wil Heyns (1977) doelbewus 'n skrifteoloog wees, dws teologie as uitleg van die Skrif; uitleg wat die gesag van die Skrif erken; uitleg wat die menslikheid en historisiteit van die skrif erken; dit is teologie in diens van die juiste vertolking van die geïnspireerde Bybelse boodskap, ontwerp vanuit die werklikheid van genade en regverdiging teenoor die gevalle sondige mens. Dit is om erns te maak met *sola scriptura*! En hierdie erns as "uitleg" ontvou binne die ruimte van die relasie tussen openbaring en geloof. Die saaklikheid van teologisering (en dus ook die objek) is dan geleë in die gerigtheid op die openbaring van God en Skrifgebondenheid, en teologiese uitsprake word metodies begrond deur hantering van 'n Skrifbewys-metodiek waarin die totaal-verband van die Skrif gehonoreer word. Maak dit van teologiese besinning sondermeer 'n wetenskap? Heyns (1977:14) stel onomwonde dat

> "die denk- en arbeidsmodus van die teologie nie net uit die struktuur en eise van die openbaringswaarheid self, afgelei kan word nie, maar dat dit wesenlik ook bepaal word

> deur die struktuur en die eise van 'n grootheid op die gebied van die kultuur, … (en) wel die van die teoretiese denksisteem, nl die wetenskap, en met name van 'n algemene wetenskapsleer".

Alhoewel Heyns (1977:127) aanvoer dat teologiese nadenke ook bepaal word deur die wetenskapsleer (en ook 'n openheid moet hê tov al die ander wetenskappe, vgl Heyns 1977:148), is hy baie vinnig om kwalifiserend by te voeg dat dit 'n eiesoortige wetenskap is met 'n eie karakter en eie tipe van refleksiewe besinning. Teologie as wetenskap kan nie sondermeer met die van ander wetenskappe gelykgestel word nie aangesien die struktuur en die eise van die openbaringswaarhede eweneens die teologie bepaal, en wel in so mate dat die teologie as wetenskap daardeur 'n unieke karakter kry (vgl Heyns 1994:157-8). Hierdie unieke karakter word dan as volg uitgespel: "(D)ie dinamiese van die teologie is die waagstuk van die geloof wat gedrewe deur die Heilige Gees wat juis aan die gelowiges gegee is om hulle in die waarheid te lei, dit waag om ook langs die weg van nuwe formuleringe, die volheid van die waarheid te verwerklik" (Heyns 1977:136). Kortweg stel hy dan konkluderend: "(T)eologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos" (Heyns 1977:137). Hierdie antwoord kan alleen maar gegee word deur die gelowige teoloog as subjek van die teologie (Heyns 1977:142) en dan metodies alleen langs die (analogiese) weg van die paradoksale (ook genoem dialektiese metode) of hiperdoksale denke (Heyns 1977:146).

## 4. TUIS AS TEOLOGIESE HUISMAATS MET HEYNS?

Van die Heyns van Stellenbosch kan ek as teologiese voorbeeld neem nie alleen die wyse waarop hy erns gemaak het met eietydse teologies-filosofiese strominge maar ook die wye spektrum waaroor hy hom met hierdie strominge ingelaat het. Dis indrukwekkend. Aan die eenkant sy eie deurdagte gereformeerde teologiese standpunt wat reeds teen die einde van die 60tiger jare reeds 'n duidelik profiel aangeneem het. Aan die anderkant sy voortdurende soeke na 'n sekulêre gestalte van teologiese ingaan op die tyd. Maar hoe gelukkig was hierdie *ingaan*, hierdie *verbinding*? Sy onderskeie beelde van die dubbelverdiepinghuis en paleis verraai – as ek slegs let op hierdie faset van sy verstaan van teologie as wetenskap – op die wyse wat dit uitgespel word in *Op weg met die teologie*, uiteindelik 'n drastiese isolering van teologiese nadenke. Enersyds tereg die klem op wetenskapsleer, maar andersyds die kwalifisering van die uniekheid van die teologie as wetenskap op so 'n wyse dat dit eersgenoemde aandrang eenvoudig laat vervaag. Vir Heyns het die mure van die dubbelverdiepinghuis en paleis (wat hy ook van buite-af kon identifiseer) vasgestaan – ons kon alleen maar binne-in nog woel en werskaf in Gods werkswinkel. Anders gesê: Hy stel die Godsopenbaring op so wyse voorop dat hy meen dat ons God se openbaring as probleemlose aanvangspunt het vir teologiese besinning. En nadat hy dit voorop gestel het, kan ons onbemiddeld daarby aanvang met teologisering. Le Roux (1994:27) noem dit in sy artikel oor Heyns se Skrifleer: "Heyns verstaan en verduidelik die Skrif as't ware van God se kant af". Hierdie werkswyse meen ek laat duidelik blyk dat Heyns ten alle koste subjektivisme hok wou slaan in teologiese besinning. Maar die wyse waarop hy die positiwiteit van die openbaring vooropgestel het, bied egter geen alternatief vir die spesifieke gevaar van subjektivisme nie. Juis dit moet verdiskonteer word. Juis die historiese – ook van die nadenkende teoloog – moet as adres van die huis en paleis, en daarom in samehang – by wyse van spreke - met die *woonbuurt* waarin dit geleë is, "ingespreek" word. Heyns beklemtoon dit, net om daaropvolgend dit weg te laat ten gunste van sy verstaan van *die* openbaring. Een verdere ongemaklike skuif - maar na my mening die mees fatale - volg dan, en dit is die afspeel van openbaring teenoor ervaring. Heyns

meen dan dat ervaring uit teologiese besinning geweer moet word ten gunste van die Gods openbaring (vgl veral Heyns 1969b:153). Maar hierdeur stol hy – alhoewel dit nie sy intensie is nie - Gods liefdevolle en genadige openbaring tot bloedlose, ongekneusde waarhede wat weinig van die aardse begrensdhede, weerlooshede, gebrokenhede en onklaarhede nog ruimte laat. Die mag van my eie subjektiewe voorveronderstellinge as nadenkende teoloog word onderken. En indien wel ter sprake gebring, dan slegs nog tuis binne-in die huis, binne-in die paleis terwyl Heyns van buite die huis, en buite die paleis ons ook nog binne kan help.

Watter implikasie hou dit in vir die wyse waarop ons Sistematiese Teologie vandag sou wou bedryf? Eietydse hermeneutiese insigte en veral die daaropvolgende ontwikkelinge in die Ou en Nuwe Testamentiese Wetenskappe het duidelik laat blyk dat dit onmoontlik is om Sistematiese Teologie as Skrifteologie te sien bloot omdat teologiese uitsprake op eenvoudige wyse identies met die Bybelinhoud gesien word (vgl Van Huyssteen 1978:394-5). Sou ons dus soek na geloofwaardige teologiese nadenke, dan moet ons – soos Heyns oortuigend bepleit het – sekulêr by ons tye ingaan. In hierdie opsig kan ons "huis- en paleismaats" (en dus bedmaats) van Heyns wees. Heyns het tereg hierin die geloofwaardigheid van teologiese besinning gesien en nagejaag. Maar dan nie in vervaging en wegskrywing (en dus isolering) van die nadenkende teoloog nie, maar juis in volle verdiskontering van teologie as menslike werk. Dit beteken: Teologie as onklaar-histories-bepaalde spreke oor God waarin die Godsopenbaring (in uiteenlopende vergestaltinge!) as objek van teologiese besinning juis skerper in die menslike oog, oor, verstand en hart veel naby aan ons almal kom. Ervaring dan – nie as bron van openbaring nie – maar juis as subjektiewe korrelaat van openbaring, dws as *vehicle* van openbaring. Ek sluit af: Ons kan nie anders sing as wat ons gebek is nie (Berkouwer) – ek (ons) is so geprogrammeer (Heyns)! Hierdie erkenning geld na my oordeel vir elke nadenkende teoloog. Maar dan slegs as eerste nadenkende (lees: selfondersoekende) woorde. Vanuit hierdie erkenning dra eietydse teologiese besinning ten einde geloofwaardigheid na te strewe onvermydelike verpligtinge. Dit is die verpligting om vanuit die *woonbuurt* waar ons lewe voor en nadink oor God, menslike subjektiwiteit metodologies en struktureel te verdiskonteer. Dit is die verpligting om met die insigte van die Bybelwetenskappe blywend in dialoog erns te maak. Dit is die verpligting om interdissiplinêr te werk en beslis nie om net maar beleef by eietydse wetenskapteoretiese insigte verby te beweeg nie. Saam weef hierdie verpligtinge aan die geloofwaardigheid van eietydse (sekulêre) teologiese besinning.

BIBLIOGRAFIE

Heyns, J A 1966. *Die evangelie in krisis*. Elsierivier: Tafelberg
Heyns, J A 1969a. *Wie fyner maal*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Heyns, J A 1969b. *Sterwende Christendom. 'n Teologie in die greep van die tydsgees*. Elsierivier: Tafelberg.
Heyns, J A 1972. *Lewende Christendom. 'n Teologie van Gehoorsaamheid*. Elsierivier: Tafelberg.
Heyns, J A & Jonker, W D 1977. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NGKB
Heyns, J A 1994a. Die koninkryk van God – Grondplan van die bybel. *Skrif en Kerk* 15 (1) 1-12.
Heyns, J A 1994b. 'n Weerwoord. *Skrif en Kerk* 15 (1) 156-176.
Jonker, W D 1994. In gesprek met Johan Heyns. *Skrif en Kerk* 15 (1) 13-26.
Le Roux, J H 1994. God se brug na die mens: iets goddeliks of iets mensliks? *Skrif en Kerk* 15 (1) 27-51.
Meiring, P G J 1994. 'n Huldigingsartikel: Johan Heyns – man van die kerk. *Skrif en Kerk* 15 (1) 177-183
Pretorius, P J 1996. *Volksverraad. Die geskiedenis agter die geskiedenis*. Mosselbaai: Libanon.
Strauss, S A 1994. Johan Heyns as apologeet. *Skrif en Kerk* 15 (1) 95-107.
Skinner, T 1996. *Die lewe en werk van Johan Adam Heyns: 'n kerk-historiese perspektief*. BD-Skripsie: Univ van Pretoria.
Van der Watt, P B 1988. Prof dr Johan Adam Heyns – anno sexagesimo. In: Wethmar, C J & Vos, C J A (red), 1-8.

Theron, D F 1984. *Die koninkryk van God in die teologie van J A Heyns*. DTh-Verhandeling: Univ van Pretoria.
Van Huyssteen, J W V 1978. Teologie en metode. *Koers* 43, 377-398.
Wethmar, C J & Vos, C J A (red) 1988. ’n *Woord op sy tyd. ’n Teologiese huldigingsbundel aangebied aan prof Johan Heyns*. Pretoria: NGKB.
Wethmar, C J 1994. Wetenskaplikheid en konfessionaliteit van die teologie: Enkele gesigspunte in verband met die teologiebegrip van J A Heyns. *Skrif en Kerk* 15 (1) 65-73.
Williams, H H 2006. *J A Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid*. DTh: Univ van Vrystaat.

**TREFWOORDE**
Johan Heyns
Gereformeerd
Teologiese geloofwaardigheid
Teologiese Fakulteit van Stelenbosch
Openbaring en ervaring

**KEYWORDS**
Johan Heyns
Reformed
Theological credibility
Theological Faculty of Stellenbosch
Revelation and experience

Prof D.P. Veldsman
Dept Dogmatiek en Christelike Etiek
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA 0001
Tel: 012 4205391
Sel: 0823080414
Epos: danie.veldsman@up.ac.za